ons een Natural daar opgelees. Die ander Bantoes het geskree hy moet aftrek, hulle sal hom doodmaak. Toe sê hy nee, sy baas sal hom help. Toe skree hulle vir hom "Met jou baas en al sal ons jou doodmaak".

DIE VOORSITTER: Watter taal het hulle gepraat? ---Hulle het Basutotaal gepraat.

Verstaan jy Basuto? ---Ja.

VERHOOR HERVAT: Toe het ek - mr. Kahn was by my gewes, toe sê hy vir my "Oms beter maar hier wil wegkom, want dit lyk vir my dit sal nie oetaal nie". Die ander wou toe nie kom nie.

Het jy van jou werknemers daar herken? ---

Ja; Daar was 'n hele paar gewes.

Weet jy of hulle in die hertel woon, of woon hulle enige plek in die lokasie? ---Hulle woon enige plek in die lokasie. Ek sou u nie kan sê waar die meeste gewes het nie.

Hoe diep het julle in die lokasie ingery? ---

Ons was by die kantore verby gewes, heeltemal by die skare wat daar gestaan het was ons verby gewes, aan die ander kant - ek sou sê omtrent 500 treë anderkant die skare.

Hoe groot was die skare omtrent? --- Toe ons

daar gekom het, was daar omtrent van 400 na 500 of meer; ek is nie seker nie. Die straat op was daar heelwat.

Het julle Polisie ook daar telgekom? ---Ja,

daar was Polisie.

Heerselt? --- Ek kan nie sê nie -daar was omtrent

'n stuk of tien, behalwe die Municipale Polisie, wat ek daar gesien het.

W. J. M. M. M. M.
HOOFDSTUK 10.

En kon jy uitmaak wat hulle houding was teenoor die Polisie? --- Dit was nie gunstig, volgens wat ek gehoor het, wat hulle daar gesê het nie.

Wat het jy gehoor? --- Terwyl ons daar gestaan het, het van hulle gesê daar kom nog Polisie aan; toe sê hulle "Laat hulle kom; ons wil die honde doodmaak".

En u het dit raadsaam geag om toe maar om te draai? --- Ja; ons het toe maar omgedraai. --- Om het eers daar gewag om te kyk of daar nie nog is wat opgetel wil word nie. Ons het tot na 3-uur gewag, toe sê ons. Koma "Hee, ons moet maar ry". Ons is ontrent halfnege daar weg.

Is dit totdat u by die hek weer uit is? --- Ja; totdat ons weer omgedraai het, nadat ons uit was. Toe het ons daar buitekant die Municipale ingang gewag, die Polisie-stasie.

Die Municipale kantore? --- Municipale kantore.

By die ingang? --- Ja.

Het jy enige tekens van geweld gesien? --- Hulle het net geskree hulle moet nie werk-toe gaan nie, hulle moet terugbly.

Het jy nie enige ander voertuie daar gesien nie? --- Daar was 'n paar Polisie-"vans". --- Om het toe by die

Jy het geen klipgoedery na karre gesien nie? --- Ja, dit was ontrent 7-uur se kant gewens. Toe het daar 'n ou Natrel aangekom met 'n 1934 of 1936 Ford, wat daardiegekom het. Toe hy weg draai - daar het 'n paar ander karre aangekom, en een hulle is niks gesien nie. Toe die kar kom, toe stam die jeug Natrelle, van so ontrent 12 of 13 jaar, die kar, voor dieur in. Van die ander wat daar gestaan het in die skare, het toe klippe opgetel en die ruite en alles stutend geset

Maar hy het dareen deurgekom.

Was hy op pad uit die lokasie? ---Hy was op pad uit die lokasie.

Kyk na hierdie foto's - dit is van dieselfde kar; kan u daardie kar herken? (Bewysstuk "G2")? --- Dit is die tipe kar wat daar gewes het.

U kan nie sê dit is dieselfde kar nie? --- Nee; ek sal nie kan sê dit is dieselfde kar nie, maar dit was die tipe kar waarna hulle gegooi het.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. PLEWMAN U sê u was deur die skare daar, toe het u by Polisie gekom wat in die straat gestaan het. U sê daar was ongeveer tien van hulle. Presies waar het hulle gestaan? --- Toe ons ingegaan het, het hulle daar gestaan.

DIE VOORSITTER: Hoe diep in? --- Van die skare af... Nee, van die ingang, soos u nou by die Municipale kantore verbygaan, na Sharpeville. Hoe ver vandaar het u die Polisie teëgekem? ---Hulle het feitlik gelyk gestaan met die Municipale kantore.

KRUISVERHOOR HERVAT: Hierdie skare waarvan u gepraat het waardeur u gery het voordat u by die Polisie gekem het, waar het hulle gestaan? --- Ons het net by die Polisie verbygegaan, toe ons die skare teëkem. Ons het gevra, ons wil ons Naturelle gaan oplaai. Toe sê hulle onskan probeer, maar ons gaan op die risiko in.

Toe het jy 'n skare nie-blanke verbygery? ---Ja.

Het jy toe verdere blanke Polisie teëgekem? --- Nie by die skare nie.

En anderkant die skare? --- Nee, ek het nie gesien nie.

nie ander teëgekem nie.

Die groot straat wat van - as ek dit as 'n hek kan beskryf - die hek van die lokasie inlei in Seeiso -straat, ken jy dit? - -Nee.

Dit is die groot dubbelpad? ---Ja.

Is dit die pad waarin julle gery het - 'n dubbelpad? --- Ja.

En jy sê die enigste Polisie wat jy daar teëgekem het, was by die Municipale kantore? ---Ja.

Verderaan het jy deur 'n skare gery? --- Ja.

En hoe ver het jy gekom in Seeiso-straat; hoe ver op het jy gery? --- Ons het net by die skare verbygery. Dit is omtrent 200 na 300 treë.

DIE VOORSITTER: Is enigiets gedoen teenoor u motorvoertuig? ---Niks teenoor ons motorvoertuig nie.

KRUISVERHOOR HERVAT: Wat was hierdie skare - gemeng, d.w.s. vrouens en kinders? ---Ja; dit was gemeng gewees.

Waar was die werknemer wat julle opgelaaï het; waar het hy gestaan? ---Net toe ons by die skare kom.

Dit wil sê die 200 treë wat julle nou gery het? ---Wat ons ingery het.

Nadat julle daardie 200 treë afgery het, het julle hem daar gekry? - -Ja.

En waar was die ander wat julle daar gesien het? --- Hulle het almal daar tussen die skare gestaan.

Was hulle gewillig om te kom, of nie? --- Hulle het gelyk soos hulle gewillig was, maar dit lyk vir my hulle was bang gewees.

Wie is dit wat julle eintlik daar gedreig het?

--- Dit was maar in die algemeen dat hulle gepraat het.

Hoeweel mense het hierdie woorde wat jy hier gegee het, gebruik? --- Daar was 'n hele paar van hulle.

Gee my maar 'n skatting? Drie? --- Dit kan meer ook wees.

Wat het hulle gesê in Sesutu? --- Hulle het gesê wat ek nou gesê het, aan die boytjie wat op die lorry was, hy moet afklim of hulle gaan hom doodmaak.

Wat is die Sesutu woorde wat hulle gebruik het? --- (Prant Sesutu).

Ek wil hê dat jy aan my 'n skatting gee van hoeweel persone hierdie woorde gebruik het? - - Ek sal nie kan sê nie. Hulle het gemaak en in die rondte gedraai en deurmaak gepraat.

Jy sal ook nie kan sê of dit 'n individu was, of dit somar van die skare af gekom het, of hoe dit ...?

--- Ek sal lievers sê dit het van die skare gekom.

DIE VOORSITTER: Is dit soort van soos 'n koor waar 'n hele klomp mense tegelyk praat en daardie woorde gebruik het, of was dit dat daar vanuit die skare die stem van 'n enkeling gekom het? - - Die posisie was, dit het meer gegaan of dit sekere individuele mense was; dit was nie die hele skare nie.

Maar gelyk, of by verskeie kere? --- Dit het verskeie kere gebeur - hulle het dit verskeie kere gesê.

KRUISVERHOOR NEMVAT: Kan u 'n skatting gee van hoe groot hierdie skare waarvan ons nou praat, was? --- Soos ek gesê het, dit was ontrent 400 na 500.

En van wat u self gesien het, het hulle daardie Polisie nie daar molesteer nie? --- Nie terwyl ek daar was nie.

E.S. ...
K...
G.J. ...
Hooggetuientis

Hierdie motorkar wat aan die en Natural behoort
het, wat daar afgehoor het, ek kon nie mooi volg nie.
Jy is daar het 'n klomp kinders van oker tegelf na
dertien jaar, in sy pad gekom? ---Hulle het daar voor
die kar gehardloop.

Vanwaar? --- Hulle was tussen die skare gewes.

Hoe het die kar gery; het dit vinnig gery,
of stadig gery? --- As ek moet skat, het dit amptant so
25 myl per uur gery.

Het hy iemand daar besaer? --- Dit was net die
en Natural; hy was nie besaer nie.

DIE VOORSITTE: Hoo, die vraag is, het die
motorvoertuig enige van die kinders besaer? --- Hoo, hy
het gestop voordat hy teen hulle gekom het.

Maar as u is hulle het in die straat gehardloop,
het hulle dit met enige bepaalde doel gedoen, of net
omdat hulle maar in die straat gehardloop het en dat hy
toe moes stop? --- Ek sou reken hulle het dit met 'n
bepaalde doel gedoen, want die ander karre wat verbygekom
het, het hulle nie dit mee gedoen nie. Net toe daardie
spesifieke kar kom, het hulle voor dit gehardloop en
van voor gekeer.

Hoe bedeel u; het hulle enige tekens gegaar?
---Hand opgesteek en voor hem gehardloop. Party van
die kinders het hulle hande opgesteek en hem probeer keer.

CORNELIUS JOHANNES EDE, beklig, verklaar:

VERHOOR DEUR MR. CLAASSEN: Jy is 'n
konstabel in die Suid-Afrikaanse Polisie gestasioneer te
Versauniging? --- Dit is reg.

Op die 21e Maart van hierdie jaar...

Sharpeville Polisie-stasie? --- Dit is reg.

Was jy in Zwane-straat gewes met kapt. Coetzee
- onder sy bevel? --- Dit is reg.

Het jy saam met kapt. Coetzee oorgekom vanaf
Johannesburg? --- Nee.

Waar het jy by sy eenheid aangesluit? --- Daar
waar ons gewag het op versterkings.

Is dit in Seciso-straat - naby die ingang na
die dorpsgebied? --- Dit is reg.

Hoe het dit gebeur dat jy by sy manne aangesluit
het? --- Ons is daar opgelaa en aan ons is gesê ons moet
afgaan na die Polisie-stasie. Ons het links gedraai, en
daarna weer regs. in 'n systraat

Uiteindelik het julle te staan gekom in Zwane-
straat? --- Dit is reg.

Kan jy sê hoe laat omtrent julle daar aangekom
het? --- Dit was om-ansy 12-uur se kant gewes.

Is julle daar in 'n lyn opgestel oor die straat?
--- Daar het van die manne so gestaan, maar nie almal van
ons nie.

Waar was die manne? --- Hulle het saar daar so
rondgestaan.

Party is in 'n lyn opgestel? --- Hulle was nie
juis, sou ek sê, opgestel nie. Dit het saar 'n lyn gevorm
daar oor die straat.

Waar het jy gestaan? --- Ek was ook saar daar
tussen die gedrang gewes.

By die groep? --- Ja.

Toe die skietery plaasgevind het, waar was jy
toe? --- Ek was op 'n vragmotor se dak gewes.

By die Polisie, of verderaf in Zwane-straat?

--- Hulle was haaltonal aan my regterkant gewees.

DIE VOORSITTER: Was hulle naderaan die Polisie-stasie as jy? --- Wel ek sou nie sê hulle was nader gewees nie. Miskien net 'n paar treë. Ek kan nie presies sê nie.

VERHOOR HEEVAT: Maar hoe ver was jy van hulle af? --- Ek sal dit nie kan sê nie.

Jy is 'n polisie-man; jy kan seker dures vir ons 'n skatting gee, al is dit nou nie so korrek nie. Was jy tien jaarte van hulle af, of was jy twintig jaarte van hulle af? --- Dit sou nie meer as tien treë gewees het nie.

Ma het jy op 'n vragmotor gestaan? --- Ja; bo-op 'n vragmotor se dak.

Waar het die vragmotor gestaan? Kyk, die Polisie is opgestel in Kwane-straat? --- Ja.

Het die vragmotors ook in daardie selfde straat gestaan, of het hulle in 'n ander straat gestaan? --- Nee, hulle het in daardie selfde straat gestaan waar die Polisie was.

Het verder terug? --- Ja, kyk, hulle was ...

DIE VOORSITTER: Het hulle in die straat gestaan, of op die sypaadjie? --- Nee, hulle het in die straat gestaan. Hulle het tot teen die sypaadjie gestaan.

En het jy in die linkerhandse baan gestaan, of in die regterhandse baan? --- In die linkerhandse baan.

Ma daar is 'n dwarsstraat wat 'n mens kry net voordat jy by die Polisie-terrein kom? --- Ja.

Aan watter kant van daardie dwarsstraat was u vragmotor? --- Aan die linkerkant; min of meer vyftien treë van die hoek af.

Met ander woorde, jy moet nog eers oor daardie dwarsstraat gaan voordat jy by die Polisie terrein kom?

---Ja.

So ontrent vyftien treë weg van daardie dwarsstraat? ---Ja.

En as jy nou dink aan waar jou vragmotor was waarop jy gestaan het en die Polisie wat, sees jy sê, 'n lyn gevorm het, waar was die Polisie? ---Hulle was aan die regterkant.

VERHOOF HERVAT: Hoe lank was jy daar op die vragmotor? ---Nee, ek kan nie sê hoe lank dit was nie.

Wat het jy op die vragmotor gemaak? --- Daar was eers 'n konstabel voor by ons gewees. Hulle het vir ons gesê ons moet eers op die vragmotor klim om te kyk wat gaan daar voor aan by die Polisie; toe het ons kort-kort gaan sê wat daar aangaan. Ons het van bo-af gerapporteer, wat daar aangaan.

Toe het julle van bo-af aan kapt. Coetsee gerapporteer? ---Nie direk aan kapt. Coetsee nie.

As daar iemand naby is, dan sê jy naars net vir hom.

Sou jy nie direk aan kapt. Coetsee kon rapporteer het vanwaar jy gestaan het nie? ---Nee.

Hoekom nie? ---Hy was te ver van af gewees. Op die oomblik het ek ook nie gewoet waar hy was nie.

Deurdát julle van die vragmotor af verder vorentoe kon sien wat daar by die Poliestasie aangaan?

--- Dit is reg.

Was jy daar gewees op die vragmotor tydens die skietery? --- Dit is reg.

Jy het die skietery gehoor? --- Dit is reg.

Vanwaar het dit gekom? --- Ek sal nie kan sê nie. Daar was so'n lawaai gewees; daar was baie groot lawaai, so ek kan presies nie sê vanwaar dit gekom het nie.

Voor die skietery, was daar 'n lawaai wat jy gehoor het? --- Wel, ek sal nie sê-voor die skietery was daar baie lawaai. Daar was geskree en so aan.

Het die skietery sê jy was die lawaai so groot dat jy nie kon sê vanwaar dit kom nie? --- Nee.

Het jy na die skietery nense gesien weghardloop? --- Ja.

Bantoes? --- Het die skietery het ek hulle gesien hardloop.

Het hulle in julle rigting ook gehardloop? --- Ja.

Is daar geskiet - in Swane-straat, deur die nense wat daar was by julle, is daar geskiet? --- Ek kan nie presies sê nie, want dit was so'n helse lawaai gewees, ek kan nie sê vanwaar dit gekom het nie.

Het jy geskiet? --- Ja; ek het geskiet.

Hoeveel skote het jy geskiet? --- Twee skote.

Het wat? --- Het 'n .303.

Waarnee was jy gewapen? --- Ek het 'n .303 en 'n rewolwer by my gehad.

Waarheen het jy geskiet? --- Ontrent drie treë voor my, in die sypaadjie vas.

Wat was die doel van jou geskiet? --- Die Bantoes het reg op ons afgekom en ek het op daardie oomblik nie gewest wat aangaan nie. Ek het gereken as ek skiet sal hulle die systrate afgaan of niskien wegby van ons, want ek het gedink hulle storm op ons af.

Re-examination
Cross-examination

Kon jy? --- Dit het geen effek gehad nie.
Het hulle nogtans by julle verbygestoorn? ---Ja.
In Zwane-straat af? --- In die systrate ook, af.
En het jy met die twee skote geskiet? ---Ja.
Toe jy die twee skote geskiet het, was die
lantoes al daar waar jy geskiet het, of nie? ---Nee; hulle
was nie.

Verstaan ek nou jou doel was dat toe jy hulle
sien aankom, toe skiet jy die twee skote sodat hulle in
die systrate kan opgaan? ---Ja, wel, ek het nie gewest
wat aangaan toe hulle aankom na ons nie.

DIE VOORSITTER: Wat het jy gedink? --- Ek
weet nie wat ek gedink het op daardie oomblik nie.

Het jy ooit gedink jou lewe is in gevaar? ---
Ja; ek het gedink hulle storm op ons af; dit is al wat
ek gedink het.

Het jy nie gedink hulle hardloop weg nie? ---Nee.

VERHOOR HERVAT: Was daar ander mense naby jou
by die vragnoter? --- Aan die regterkant van die straat
was daar mense wat daar geit het.

Kon jy vir Olivier? ---Ja.

Kon julle van dieselfde plek af? ---Nee.

Ek heen van dieselfde stasie af? ---Nee.

Het jy hom geken daardie tyd? --- Ek het hom
geken, daardie tyd.

Weet jy of hy geskiet het? --- Ek weet nie eers
waar hy was, toe, nie.

Q. A. VAN DER MERWE VRAAG NIE.

CROSS-EXAMINED BY MR. KENTRIDGE: Konst. Kla,

het u enige bevel - did you hear any order to fire? ---
No.

From Capt. Coetzee? ---No.

Before the shooting, did Capt. Coetzee make it
plain to all of you that there was to be no firing
without his orders? --- Ek het dit nie gehoor nie.

Isn't it correct that whether he says so or not,
you are not allowed to fire without his orders?

DIE VOORSITTER: In die omtandighede waarin
julle daar was, is dit nie korrek dat julle nie behoort
te vuur sonder dat daar 'n bevel gegee is nie? --- Ek
het gereken dat ons lewes in gevaar is, daarom het ek
geskiet.

(Witness warned). (Indemnity explained).

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Now, you told His
Lordship a few minutes ago that you did not know what
went on in your mind? --- (Deur talk). Dit is so.

Now you say you think your life was in danger.
Which is correct? --- Wel, op die oomblik het ek net een
gedagte in my kop gehad, en dit is ons lewens is in gevaar.

Was it not absolutely obvious that these people
were running away from the firing at the Police Station?
---Dit weet ek nie.

Why did you think they were running? ---Nee,
dit weet ek nie.

At the time when you shot, had any of them
run past the lorry already? --- Nee.

The Police - the other Police on the ground
were in front of the lorry, weren't they? --- Ek weet
daar waar ek geskiet het, was daar nie Polisie voor nie.

But they were across the road, in front of your lorry, nearer to the Police Station? --- Aan die regterkant ja.

Did the crowd do any harm to them? --- Wel, ek het nie so opgelet na hulle kant nie, na hulle gekyk nie.

They did not fire, did they? --- Ek kan dit nie sê nie. Ek weet regtig nie.

The crowd did not start running before the shooting, did it? --- Daar was bewegings tussen hulle, maar ek weet nie wat was die bedoeling nie.

You just don't know why they were running? ---
Nee.

When the shooting started, the crowd started to run? --- Ja, toe het hulle al gehardloop.

Why did you think they were running? --- Oor die skietery.

After the shooting started, why do you think the crowd began to run? --- Seker omdat hulle weggehardloop het vir die skietery.

What did you aim at when you shot? --- Ek het in die grond geskiet; ek het na niemand gekorrel nie en op niemand aangelê nie.

You did not aim at anybody? --- Nee.

What was the danger to your life? --- Wel, vroeër daardie oggend al is ons vasgekeer. Ek het nie gewest wat daar sou gebeur nie.

At the time when you shot, where did you think the danger to your life would come from? --- Ek het gesien hulle kom aan; ek het nie gewest of hulle stons of wat nie.

You thought that the people who were running

towards you, do you now say, might have been attacking you? ---Ja.

Were they men, or women, or children? ---
Hulle was - ek kan nie sê nie. Hulle was deursekaar
gewees.

Are you suggesting that you fired in order to stop them? --- Ja.

Presumably, then, you must have aimed at them? ---Nee.

How else, how on earth did you think you were going to stop them? --- Daar op die grond te skiet het ek gereken hulle sou skrik.

Did you think they would see the bullets hitting the ground? --- Ek weet nie.

So did you fire into the ground in front of them? --- Ontrent drie treë voor die vragmotor het ek vasgeskiet.

And how far in front of the crowd was that? --- Dit was 'n hele entjie.

About how far off? --- Hulle was nie.

DIE VOORSITTE: By benadering, die naaste wat nou nagehardloop gekom het. Waar jy op die voertuig gesit het - wys hier in die Hof? --- Soos vanhier, tot daar agter u. Ontrent 20 of 'n bietjie meer treë van my af.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: So you fired into the ground three yards in front of your lorry? --- Reg.

But they kept on coming on? --- Reg.

So what did you do? --- Verder het ek niks gedoen nie.

Did you fire another shot? ---Nee.

Did you fire your two at the same time?---Nee,
die twee skote was agtermekaar gewees. Jy kan nie twee
skote tegelyk skiet nie.

DIE VOORSITTER: Het jy ooit tot die besef
gekom hierdie mense hardloop nou weg, hulle is besig om
weg te hardloop, hulle val jou nie aan nie? ---Nee voer
hulle by my verby is nie.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Were any of them
hit? Those that were running towards you? --- Aan my
kant was daar niemand gewees nie.

DIE VOORSITTER: Hoe oud is jy? --- Agttien.

En hoe lank is jy in die Polisiediens? --- Wel,
in Desembermaand 1959 het ek uit die Polisiekollege gekom.

Na hoe lank opleiding? --- Ek was sewe maande
daar gewees.

Waar is jy toe aangestel? --- Ek is reguit
Vereeniging-toe.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: You don't know
if your bullets ricocheted? ---Nee. Hulle kon nie.

DIE VOORSITTER: Het jy op die teerblad geskiet,
of op die grond? ---Nee, ek het op die sypaadjie, op die
grond geskiet.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: There has been
evidence from a Non-European constable called Maruping,
that the shooting from one of the men under Capt. Coetzee's
command caused a child to be shot in Evans Street? --- Ek
weet daar nievan nie.

Was that perhaps your shots? ---Nee; dit is
onmoontlik.

DIE VOORSITTER: Nadat alles nou verby is, nadat die mense nou weggehardloop het, verbygehardloop het, en dinge tot bedaring gekok het, het jy enige besesdes of dooies voor julle in Zwane-straat gesien, in julle onmiddellike omgewing? ---Ja. Aan my kant was daar niemand, waar ek gekiet het nie. Aan die regterkant van die straat was daar gewees.

Hoe ver van daardie hoek af? --- Ontrent vyftien treë van die hoek af, heeltemal aan die regterkant, op die middelmannetjie, het daar een gelê.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: But you were on the lefthand side of the tarred road? --- Dit is reg.

Didn't you see people lying on the lefthand side of the road in Zwane Street, in front of you? --- Nee.

I don't mean just right in front of your lorry. You could see up Zwane Street? ---Ja.

Were there any bodies in the part of Zwane Street or-on your side, on the lefthand side? ---Ja, op die hoek, onderkant (Getuie dui aan op Boursstak "B1").

You point near the South-Western corner, but not exactly right on the corner; a little way down Zwane Street? ---Ja.

THE CHAIRMAN: More or less in line with the Eastern portion of the Police Building.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Did you see people lying in the street, over there? ---Ja.

After the shooting, who did you report to? --- Aan niemand nie.

Did you not report to anyone that you had

fired your rifle? --- Nee; dit het ek by die Vereniging
Polisieestasie eers gedoen.

Who did you report to? --- Ek het aan Mr.
Krugger gerapporteer.

Who is Mr. Kruger? --- Die stasiebevelvoerder.

Did you tell him that you had fired two shots?

---Ja.

Did you tell him where? --- Ek het vir hom
gees ek het met my rewolwer en my geweer geskiet, maar
ek het nie gees waar nie.

Where did you shoot with your revolver? ---
Dit was daardie oggend gewees, toe ons vangekeer is.

Did you make a statement in connection with
this occurrence at any time? ---Ja.

When? --- Wel, ek weet nie die datum nie,
maar dit was by die Polisieestasie eersmaal, en daarna
weer aan hoofkonstabel Pollson van die speurafdeling.

When did you make it to Mr. Pollson?

DIE VOORSITTER: Was dit op die 23e Mei? ---
Dit was nou-die-dag. Ek dink so.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: And your
first statement that you made at the Police Station,
did you make that in writing? --- Ja.

Do you know who you made that to? --- Sers.
Terblanche.

Is he of the C.I.D.? --- Nee; Uniformafdeling.
And did you sign that statement? --- Ek het dit
geteken.

And in that statement, did you say that you
had fired your rifles? --- Nee.

Did you say where you were? --- Nee. Ek het nie gesê waar ek met my geweer geskiet het nie. Hy het vir ons gevra "Hoeveel skote het julle geskiet; maj. van Zyl wil dit hê om hom te dek, daar". Toe het ek vir hom gesê ek het twee geweerakote geskiet, en ses rewolwerakote.

You said the morning you fired six shots with your revolver? --- Nee.

But in your statement you made to S. Sgt. Terblanche, did you tell him that you had fired your rifle at the Police Station? --- Nee.

Did you not give him a statement about that at all? --- Nee.

You did not say why you had fired your rifle? --- Nee.

You did not say why you had fired your revolver? --- Nee.

Why did you not tell him why you had fired your rifle? --- Hy het nie direk gevra nie.

Was it not that you felt that you had to hide that you had fired your rifle? --- Nee.

Do you know whether anyone else under Capt. Coetzee's command fired at the Police Station? --- Nee.

Do you think Capt. Coetzee would have heard you firing, or seen you firing? --- Ek weet nie.

Who else was up on top of the lorry? --- Ek was op die oomblik alleen daar gewees; ek weet nie agter my nie. Ek het nie opgelet nie.

Where were you standing; on the bonnet, or on the roof? --- Ek het op die bonnet gestaan.

the roof? — Ek het daar gesit op die dak.

When you were sitting there, did you have your rifle ready? — Nee.

Where was your rifle? — Ek het dit daar gehou, maar sonder enige bedoeling.

Was it loaded? — Ja; die magasyn was gevul maar dit was nie oorgehaal nie.

DIE VOESITTER: In jou eerste verklaring wat op die 24e Maart gemaak is, het jy nie daar die indruk geskep dat jou twee .303 skote die oggend afgevuur was toe die vangwa in moeilikheid was nie? — Sers. Terblanche het gesê hy is 'n bietjie haastig, hy wil net weet hoeveel skote ons geskiet het en sonder enige mening het ek gesê ek het twee .303 skote en een rewolwerskote geskiet. Toe vra hy vir my "Waar is die rewolwerskote geskiet?" Toe sê ek vir hom "Ek het die oggend geskiet daar toe die vangwa vasgekeer was".

Ek sal dit vir jou lees soos dit hier aangeteken is deur nr. 276147 - dit is eker "Voet"? — Voet.

"Konst. J.H. Grove het toe met 'n vangwa na my gekom. Die klippe het toe geroën op ons en ek het ook skote gehoor kmal in die hestel-gronde. Konst. Grove was toe nitjaag maar ons was toe vasgekeer en duisende klippe was na ons gegooi. Die vangwa was toe ook vasgekeer en duisende klippe was na ons gegooi. Die vangwa was toe ook geraak en erg beskadig. Ek het toe my vuurwapen gebruik en een skote met my .38 rewolwer en twee met my .303 geweer op die Bantoes afgevuur. Die Bantoes het toe 'n pad oopgemaak en Konst. Grove het met die vangwa deur hulle gejaag".

Die Bantoes het nog al die tyd gegooi en die vangwa
verskeie kere weer getref? --- Dit is seker fontief
daar, Eielagbare; ek het die .303 nie daar geskiet nie.

In elk geval, gee jy toe, dit skep die indruk,
in elk geval, dat jy die .303 gevuur het toe jou vangwa
in gevaar verkeer het, toe jy saam met konst. Grove was?
--- Ja, dit skep die indruk, daar.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Did you sign
that statement? --- Ek het dit onderteken, ja.

In your statement, did you not speak about the
time when you were with Capt. Costnes at the Police
Station? --- Ek weet nie of ek daarvan - nee, ek het nie.

DIE VOORSITTER: Ek dink in die eerste
verklaring handel jy gladnie met die gebeure by die
Polisiestanie om .130 toe daar geskiet was nie? --- Nee.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: If you had told
Sergt. Terblanche that you had fired those two rifle
shots at the Police Station, it would have been in
your statement, wouldn't it? --- Ja. Hy sou dit
ingesit het dat ek by die Polisiestanie geskiet het.

You knew he was taking a statement about the
events that day and why people had fired and what had
caused them to fire? --- Hy het ons gevra hoeveel skote
ons geskiet het, want maj. van Zyl wou geweet het.

Is that all he asked you? --- Ja. Hy het
gees ons mees 'n verklaring maak van dienskote wat ons
geskiet het. Toe het ek vir hom gees ek het twee skote
met die .303 en ses skote met die .38 geskiet.

But did you not tell him about the stoning
early in the morning? --- Dit is reg; en ek het vir
hom gees dat ek daar met die rewoluer geskiet het.

H. J. HLE
CROSS-EXAMINATION
RE-EXAMINATION

You told him that you had fired the revolver because the people had been stoning you in the morning?

— Ja.

Did you not tell him why you had fired the .303? — Nee.

And why didn't you? — Wel, hy het vir ons gesê ons moet net vinnig 'n verklaring maak want die speurders van Johannesburg neem oor en hulle sal verder verklarings later kry.

Doesn't it look very much as if you did not tell him about that because you wanted to conceal it? — Dit mag so lyk, maar dit was nie my bedoeling nie.

At any rate, looking back on it now, there was no reason, really, for you to fire at all, was there? — Ek het gereken op daardie oomblik, toe die Bantoes aangestorm gekom het, ons moet skiet.

You say "aangestorm"; they were running. Are you sorry you fired those shots? — Op die oomblik, ja; maar ek het op daardie oomblik gladnie gewet wat aangaan nie.

Is that it, then? — Ja.

DIE VOORSITTE: Jy is jonk, en jy het gekrik, en jy was bang? — Dit is reg.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Well, that answer is satisfactory to me.

DIE VOORSITTE: 'n Mens hoef nie ooit bang te wees om te erken dat 'n mens feilbaar is nie, konstabel? — Dit is reg.

MR. KENTRIDGE: NO FURTHER QUESTIONS.

HERVENHOOR DEUR MNR. GLASSEH: Nadat jy daardie

Capt. H.S.
VERVOER
J.S. OLIVIER
VERHOOR

skote afgeskiet het, was jy onder die indruk gewees dat niemand daarvan gewest het nie? ---Nee.

Hoe het dit gekom dat jy 'n verklaring gemaak het waarin jy erken het dat jy geskiet het? Is dit omdat iemand anders dit tot jou nandag gebring het, of het jy dit toe uit jou eie gesê? --- Nee; ek is gevra deur die speurders en toe het ek die verklaring gemaak.

THE CHAIRMAN: Mr. Kentridge, I just want to indicate that it was at my request that Capt. v.d. Bergh sought to find evidence in relation to the firing by constables or other members of the Force in Zwane Street. That is how this Witness came to make a second statement.

JACOB JACOBS OLIVIER, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Waar is jy gestasioneer? --- Ek is gestasioneer te Vanderbijlpark.

Het jy by die Sharpeville Polisie-stasie gewees tydens die skietery op die 21e Maart? ---Ja.

Hoe laat het jy daar gekom? --- Ek het die nag al daar aangekom, ongeveer 2-uur.

Het wie het jy saangekom? --- Ek het met die Vanderbijl polisie saargekom hierheen.

Wat het jy gemaak gedurende die tyd vandat jy daar gekom het? --- Ek was vanguard-bestuurder.

Het jy in die lokasie rond patrolleer met die vanguard? ---Ja.

Was jy later in Sesise-straat gewees? ---Ja.

Het jy geskiet? --- Ek het geskiet.

Het wat? --- Ja.

Die groot straat wat vanaf Vereeniging loop na die lokasie? --- Ja.

En is jy vandaar saam met 'n afdeling van manskappe onder bevel van kapt. Coetzee na die Polisie-stasie? --- Ja. Dit was die middag, ongeveer 12-uur.

Het julle daar in die straat aan die Suidekant van die Poliestasie, Zwane-straat, stelling ingeneem? --- Dit was in Zwane-straat maar dit was aan die Oostekant gewees.

Was die manne daar opgestel gewees in die straat? --- Ja.

Het julle met julle vragmotors ook tot daar gekom? --- Ja; ons het daar parkeer.

Was jy nog daar gewees toe die skietery by die Poliestasie plaasgevind het? --- Ek was daar gewees.

Het jy dit gehoor? --- Ek het dit gehoor, ja.

Het jy besef vanwaar die skietery kom? --- Ja; ek het net skote gehoor. Ek het nie gesien vanwaar dit kom nie.

Het jy - al het jy dit nie gesien nie, het jy besef of het jy gedink dat dit van een of ander plek af kom? --- Ja; dit het vir my gegaan asof dit vanaf die Poliestasie kom.

Wat was die gevolg van die skietery? --- Die skare het gehardloop, met klippe gegooi en in alle rigtings gehardloop.

Waar was jy daardie tyd gewees? --- Ek was aan die Oostekant.

Het jy geskiet? --- Ek het geskiet, ja.

Het wat? --- My .303.

Hoeveel skote? --- Ek het vier skote geskiet.

Waarheen het jy geskiet? --- Ek het op die
middelman gestaan, in die middelman geskiet.

Hoe ver was kapt. Coetsee van jou af, omtrent?

--- Ek het hom nie gesien, daardie tyd nie.

Was jy tussen die groot kloop mense, of was
jy afgesonder van hulle? --- Hulle het tussen ons
deurgardloop, op ons afgestern gekom - en om ons.
Ek het nie gekyk waar kapt. Coetsee is nie. Ek het net
voor my gekyk.

Ek wil weet, of u my kan sê, presies waar u
gestaan het voordat die mense begin hardloop het? ---
By die middelman; op die middelman.

Ja; maar het kapt. Coetsee die mense daar in
'n lyn opgestel? --- Hulle is in 'n lyn opgestel, ja.

Het jy in daardie lyn gestaan? --- Ek het in
daardie lyn gestaan.

En jy het op die middelman gestaan? --- Op die
middelman.

Was daar meer Polisie op die middelman as jy,
of was jy alleen? --- Daar het om my gestaan. Ek is
nie seker of daar nog op die middelman gestaan het nie.

Het julle die hele straat vol gestaan? --- Ons
het die hele straat vol gestaan.

Was julle gewere gelaaai? --- Ja; my geweer was
gelaaai. Ek weet nie van die ander nie.

Het julle enige bevel gekry in verband met
skietery, of julle onder sekere omstandighede moet
skiet, of nie moet skiet nie? --- Nee; ons het nie so'n
bevel gekry nie.

Is daar van die ander manne wat geskiet het? ---
Ek weet nie. Ek het skote gehoor, maar ek weet nie wie
geskiet het nie. Ek het nie gesien nie.

DIE VOORSITTER: Bedoel u dit is skote wat
afkomstig was van iemand in julle groep wat geskiet het,
hoewel jy nie weet nie, of is dit skote wat van een of
ander plek mag gekom het? --- Dit het so hard gebeur,
ek kon nie skote gehoor het nie - ek het net gehoor klap
en so aan. Ek het nie geweet of dit by ons is, of
daarbo nie.

VERHOOR HERVAT: Die skare Bantoes wat toe
weggehardloop het, het hulle in julle rigting gehardloop,
oek? ---Hulle het op ons afgekom, ja.

Het ek verstaan dat jy gesê het hulle het
deur julle gehardloop? --- Tussen ons verby gehardloop;
hulle het in groot groepe gekom, en party het tussen
ons verby gehardloop.

Wanneer het jy nou geskiet? --- Toe hulle kom
na ons-toe.

Hoe ver was hulle van jou af toe jy geskiet
het? - - Party was alreeds tussen ons deur. Die groot
bondel water ons afgekom het, was ongeveer soos daar by
die muur - 'n bietjie verder. (15 treë). Die enkele
was ontrent soos hierdie bankie, voor ons verbygemaal.
Die massa, soos daardie kaal boom buitekant (20 treë).

DIE VOORSITTER: Is dit die populierboom daar
buite? --- (15-20 treë) Ja. gesien of deur gesien of

VERHOOR HERVAT: Wat was die doel van jou skiet?
--- Ek wou hulle skrikmaak het. Ek was bang hulle sou
oor ons hardloop.

Het die - hoe het jy die hardloperly beskous, as

J. J. OLIVIER
HOOGKONING.

as mensse wat weghardloop van waar daar voor geskiet word,
of mensse met 'n ander bedoeling? ---Ek het self nie geweet
wat aangaan nie. Ek het net gesien hulle kom almal op
ons afgestern. Ek het geskrik.

Het jy besef waarvoor die mensse hardloop? ---
Ek het klippe daar be deur die lug sien trek, by die
Polisiestasio; daar het baie klippe getrek.

Was dit voor die skietery of na die skietery? ---
Dit was met die skietery. Toe dink ek hulle gooi die
Polisiemannne daar, hulle maak hulle miskien dood, of so.
Toe kom die ander op ons afgestern, toe dink ek hulle
stern ons nou. Toe begin ek te skiet.

Kan jy sien wat aan die voorkant, dit is aan
die Westekant van die Polisiestasio, werklik plaasgevind
het? ---Nee; ek kan nie sien nie. Daar was te veel voor
ons.

Toe jy hoor die skietery vind plaas, wat het jy
gedink het gebeur? --- Ek het gedink hulle val die Polisie
nou aan.

En jy sê jy kan nie sê of die ander manskappe wat
by jou was, ook geskiet het nie? ---Nee; ek kan nie sê nie.

DIE VOORSITTER: Kan jy vir kenst. Het? ---Ja.

Weet jy of hy geskiet het? --- Ek het hom nie
gesien nie.

VERHOOR HERVAT: Daar op die middelmannetjie
waar jy gestaan het, het jy gesien of daar deesse of
verwondes gels het na die skietery?--- Daar het gels, ja.
Daar het 'n deesse kindjie gels, 'n jong Natural.

Op die middelman? ---Op die middelman.

Hoe ver van jou af? --- Ongeveer 40 na 50 treë.

Het jy daardie kind geskiet? ---

J. J. OLIVIER
hoofgetuigde
Kruisverhoor

DIE VOORSITTER: Jy is natuurlik 'n Polisie-
amptenaar, so jy besef vermoedelik jou regte. Jy kan
nie gevra word om enige antwoord te gee wat daarop sou
dui dat jy miskien 'n misdryf gepleeg het nie. Jy weet
wat jou posisie is? ---Ja.

Na die skietery, toe die kind daar lê, is die
aangeleentheid bespreek - die feit dat die kind nou daar
lê, daar onder die manne, of wat was die bespreking? ---
Nee, dit was nie bespreek nie.

Het jy gesien hoe die kind daar kom? --- Nee,
ek weet nie. Ek het net gesien hy lê daar. Na daar
geskiet is, het ek gesien daar lê een - dit is die wat
die naaste aan my gelê het.

DIE VOORSITTER: Het julle gaan kyk om te sien
wat is verkeerd met die kind, hoekom hy daar lê? ---Nee;
ons het geweet hy was geskiet gewees het.

Ja, maar was hy dood? ---Hy was dood gewees, ja.

VERHOOR HERVAT: Was daar enige aanduiding of
die kind daar geskiet was waar hy geval het? ---Nee.
Hy is nie daar geskiet nie.

DIE VOORSITTER: Het jy ooit gesien waar hy
geskiet was? Was hy deur die kop geskiet, of deur die
bors, of deur die been? ---Nee, ek het nie so gekyk nie.

VERHOOR HERVAT. KENTRIDGE: Do you
remember the Police Station - have a look at this
photograph (Exh. "H1" handed to Witness). Do you see
Zwane Street on the South side? ---Ja.

Your line was there on the Eastern side of the
Police Station fence? --- Ja.

Perhaps just a little bit off the photograph?
---Ja; ek was 'n bietjie af gewees.

And you were standing on the middle island? --- Ja

And was your line drawn right across the street, or only on the righthand side, across the righthand side?

--- Dit was heeltemal uit die foto gemaak.

Was die ^{lyn} line right across Zwane Street? --- Ja; dit was ongeveer regoor gemaak.

During the time you were there before the shooting, you say people were - members of the crowd were shaking fists at you and shouting abuse at the Police? --- Ja; dit is waar. Hulle het dit gedoen.

How close to you did they come? --- Een het tot teen my gekom en sy vinger in my gesig gedruk en gesê: "Jy weet van Oete Manor; ons sal vir julle net so doodmaak".

Were a lot of them doing that? --- Wel, daar was baie van hulle gemaak.

But were there many of them who walked right up to the Police? --- Baie van hulle, ja.

Coming right up to you? --- Reg na ons op gekom, ja.

You see, Capt. Coetzee gave the evidence that he did not permit any members of the crowd to come closer than ten yards to the line of Police.

MNR. OLIVIER: Tien jaarte is korrek, maar enkelinge het wel gekom; hy het gepraat van een jong Bantu wat by hulle gekom het met 'n hoes of iets wat van hom afgevat is. Hy bedoel die skare - nie enkelinge nie.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Capt. Coetzee said he did not let the crowd come closer than ten yards? ---

--- Die groot groep het ongeveer tien treë van ons gekom, sou ek sê. Maar wat na ons reguit aangekom het, tot teenaan ons - daar was 'n hele paar van hulle gewees.

What did Capt. Coetzee do with them? --- Dit is toe kapt. Coetzee vir my gesê het ons moet nie kwaad word of so nie; "Staan maar stil". "Los hom maar, laat hy maar terg" en so aan.

Did he say "Los hom"? --- "Los hom", ja.

Why did he say that? --- Hy was seker bang gewees ons sou miskien ook kwaad word of so-ists.

Did he have some - did you have some sort of fight with this Bantu.

THE CHAIRMAN: Mr. Kenridge, "Los hom" means "ignore him".

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Did you do that? --- Nee; ek het toe maar net doodstil gestaan.

Did Capt. Coetzee walk along your line, telling the men they must not fire without an order from him? --- Nee. Ek het dit nie gehoor nie. Hy ken dit miskien gedoen het, maar ek het niks gehoor nie.

You see, that is what he says he did. He says he went along the line impressing on everyone that they must on no account fire without an order from him; that he was in command. You don't recall that? --- Ek kan dit nie onthou nie.

But you did not hear an order from him to fire? --- Ek het niks gehoor nie.

You heard no order from anyone? --- Van niemand nie.

Are you being serious about this, that people apart from Capt. Coetzee, was there not some sergeant or head constable near you? --- Daar was eek

'n paar sergente gewees.

They did not give you an order? --- Ek het geen bevel gekry nie.

So it is quite sure you shot without an order?

---Ja; ek het nie 'n bevel gekry nie.

And you fired your first shot, and then you waited a little? --- Ek het nie lank gewag nie. Ek het net geskiet, en dan wear geskiet en so aan.

And the people next to you were not shooting? --- Nee; ek het niemand gesien skiet nie. Ek het skote gehoor klap en so aan, maar ek weet nie vanwaar dit gekom het nie.

By that time some people had already run past you? --- Daar het enkele verby gehardloop, ja.

They did not harm you? --- Hulle het klippe gegooi en so aan.

Were they running towards you? --- Hulle het op ons afgestorm.

They did not - did they throw stones at you as they were running towards you? ---Ja; hulle het almal klippe in hulle hande gehad.

Why didn't the other men in your line fire; do you think they did not see the stones? ---Hulle het ook gesien, ja.

They held their fire?--- Ek weet nie.

I suppose Capt. Coetzee must have seen that they were throwing stones, and holding stones in their hands? ---Ja; hy het ook gesien. Ek het nie gesien nie.

Are you being serious about this, that people threw stones at you at that time, as they were running

towards you.

DIE VOORSITTER: Na die skietery begin het? ---
Na die skietery begin het. Ja, ek het gesien voor die
skietery het hulle klippe in hulle hande gehad.

Ja, maar die vraag is nie dit nie. Die vraag
is, die wat in hierdie rigting gehardloop het, in julle
rigting, na die skietery begin het. As ek jou reg
verstaan het jy gesê dat daardie mense, terwyl hulle na
julle gehardloop het, het sommige klippe in die hand gehad
en andere het klippe na julle gegee? ---Hulle het klippe
na ons gegee, ja.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Many stones? ---
Baie gewees.

So I suppose some of your men must have been
hit by stones? Some of the people in your line. The
line was right across the street, shoulder to shoulder;
isn't that right? ---Nee. Ons was 'n ontjie uitmekaar
gewees. Ons was in 'n lyn maar ons was nie teenaakbaar nie.

How many people were hit? --- Daar is Polisie
wat raakgegee was. Ek weet nie wie dit almal is nie.

Was anyone badly injured? ---Nee.

Anyone injured at all? Was anyone hurt by
these stones there in Zwane Street? ---Nee; ek weet nie.

You say some individual people were already very
close to you, and even passed you; but the main crowd
was as indicated, about 20 to 25 yards away? --- Ja.

All together; a big crowd grouped together? ---
Ja; hulle was teen mekaar gewees, gebliek gewees.

Between that crowd and the Police line there
were some individuals who were running in front of the
crowd? ---Ja; daar was party wat nie in die groot

towards you.

DIE VOORSITTER: Na die skietery begin het? ---
Na die skietery begin het. Ja, ek het gesien voor die
skietery het hulle klippe in hulle hande gehad.

Ja, maar die vraag is nie dit nie. Die vraag
is, die wat in hierdie rigting gehardloop het, in julle
rigting, na die skietery begin het. As ek jou reg
verstaan het jy gesê dat daardie mense, terwyl hulle na
julle gehardloop het, het sommige klippe in die hand gehad
en andere het klippe na julle gegee? ---Hulle het klippe
na ons gegee, ja.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Many stones? ---
Baie gewees.

So I suppose some of your men must have been
hit by stones? Some of the people in your line. The
line was right across the street, shoulder to shoulder;
isn't that right? ---Nee. Ons was 'n entjie uitmekaar
gewees. Ons was in 'n lyn maar ons was nie teenaakkaar nie.

How many people were hit? --- Daar is Polisie
wat rankgegee was. Ek weet nie wie dit almal is nie.

Was anyone badly injured? ---Nee.

Anyone injured at all? Was anyone hurt by
these stones there in Zwane Street? ---Nee; ek weet nie.

You say some individual people were already very
close to you, and even passed you; but the main crowd
was as indicated, about 20 to 25 yards away? --- Ja.

All together; a big crowd grouped together? ---
Ja; hulle was teen aanekaar gewees, geblok gewees.

Between that crowd and the Police line there
were some individuals who were running in front of the
crowd? ---Ja; daar was party wat nie in die groot

groep was nie.

Right in front of you? ---Ja.

Did you shoot at them? --- Ek het nie na hulle geskiet nie.

